Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

Laerskool Louis Leipoldt
1948 - 2018

KORONAVIRUS 2020

17 Maart 2020

Geagte Ouer/Voog

Riglyne ten opsigte van die hantering van COVID-19

Die maatreëls wat die skool neem is daarop gerig om ontwrigting minimaal te beperk, die leerders en personeel te beskerm en die verspreiding van die siekte te probeer beperk. Die riglyne wat die skool volg is gebasseer op die inligting wat tans bekend is oor die oordrag en erns van die coronavirus 2019 (COVID-19). Besoek gerus die webwerf van die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (www.nicd.ac.za) vir die nuutste inligting.

Wat is 'n koronavirus?

Koronavirusse is 'n groot familie van viruses wat gewoonlik verantwoordelik is vir matige respiratoriese siektes, soos byvoorbeeld 'n verkoue. COVID-19 is 'n respiratoriese siekte wat deur 'n nuwe koronavirus veroorsaak is, en was nog nooit deur die mensdom geïdentifiseer voor Desember 2019 nie. Tans is daar geen vaksine beskikbaar wat pasiënte teen COVID-19 kan beskerm nie en die beste maatreël om nie geïnfekteer te word nie, is om blootstelling aan die virus te vermy. Die oordrag van die virus d.m.v. daaglikse kontak moet dus daadwerklik vermy word.

Wat is die algemene simptome van COVID-19?

Pasiënte met COVID-19 het tot dusver 'n matige tot ernstige respiratoriese siekte ervaar met simptome soos koors, 'n aanhoudende hoes en pasiënte is kort van asem. Dit neem 2 tot 14 dae vir 'n persoon om siek te raak nadat hy/sy die virus opgedoen het.

Hoe versprei die virus?

In die meeste gevalle versprei die virus deur persoonlike kontak waar 'n persoon in aanraking kom met klein respiratoriese druppeltjies wat gevorm word wanneer 'n siek persoon nies of hoes. Hierdie druppeltjies kan in 'n persoon se mond of neus beland, of kan, as 'n persoon naby genoeg is, ingeasem word. Alle ouers en leerders word dus aangemoedig om basiese persoonlike higiëne praktyke te verskerp ten einde die siekte te probeer bekamp.

Leerders en personeel word aangemoedig om voorsorgmaatreëls te tref, soos:

- Om tuis te bly as jy siek is.
- Om gereeld jou hande met seep te was – ten minste 20 sekondes lank. Dit is veral van belang nadat jy die badkamer besoek het, voor jy eet en nadat jy jou neus geblaas het. Help jong kinders om dieselfde te doen. As hul handjies sigbaar vuil is, gebruik water en seep om hul hande skoon te maak.

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za

- Waarsku leerders om nie aan hul oë, neus of mond met ongewaste hande te raak nie.
- Draai jou kop weg van ander mense af as jy hoes of nies.
- Bedek jou mond met 'n sneesdoekie wanneer jy hoes of nies, en gooi so 'n sneesdoekie weg na die tyd. Maak seker jy was jou hande met seep of 'n ontsmettingsmiddel na die tyd.
- Moedig leerders aan om 'n griepinspuiting te kry aan die begin van die griepseisoen.

Wat as 'n leerder siek voel by die skool?

Siektes wat aansteek word gewoonlik oorgedra wanneer of net voor die simptome ontwikkel. Daarom is dit belangrik dat leerders en personeel wat siek is, siek voel of simptome ontwikkel wanneer hulle by die skool is, huis toe gestuur word. Leerders wat by die skool siek word of enige simptome van die COVID-19 begin toon, moet in die siekekamer (in afsondering, indien nodig) bly totdat hul ouers hulle by die skool kom haal.

Aanmelding van die corona virus

Die corona virus is 'n aanmeldbare siekte. Indien die skool vermoed dat daar 'n corona geval is, moet die volgende stappe gevolg word:

1. In die geval van 'n kind, word die ouers onmiddellik gekontak om hul kind by die skool te kom haal en huis toe te neem.
2. Die Departement van Onderwys (Distriksdirekteur) en die Departement van Gesondheid word onmiddellik in kennis gestel van die geval, waarna die Departement van Gesondheid die leerder/persoon by die huis sal ondersoek.
3. Al die ouers en personeel word in kennis gestel dat daar 'n moontlike geval is, en dat die verskillende Departemente die situasie hanteer.
4. Die ouers word op hoogte gehou van enige verwikkelinge rondom die siekte.
5. Alle navrae word na die Department van Gesondheid verwys.
6. Leerders en personeel wat gediagnoseer is met die COVID-19 virus, word vir 'n bepaalde tydperk toegang tot die skoolgronde geweier, ten einde die verspreiding van die virus te bekamp.

Skoolaktiwiteite

'n Skool se sorgplig teenoor leerders en personeel sluit alle opvoedkundige, kulturele-, sport- en sosiale aktiwiteite in, hetsy dit op die skool se perseel of elders geskied. Aktiwiteite wat nie op die skool se eie perseel plaasvind nie en sportaktiwiteite in die algemeen kan 'n risikofaktor vir die verspreiding van aansteeklike siektes wees en moet die standaard van die sorgplig ook dienooreenkomstig aangepas word. Vandaar die staking van alle sport- kultuur- en ander aktiwiteite tot verdere kennisgewing.

Blootstelling aan COVID-19

Leerders wat blootgestel is aan 'n **vermoedelike** geval van COVID-19, gaan gewoonweg voort met skoolaktiwiteite terwyl die uitslae op laboratoriumtoetse afgewag word. Indien 'n leerder/ personeellid aan 'n **bevestigde** geval van COVID-19 blootgestel is, word van sodanige leerder/personeellid verwag om vir 'n tydperk van 14 dae by die huis onder self-kwarantyn te wees terwyl die pasiënt se simptome gemonitor word. In hierdie tydperk mag die skool nie bygewoon word nie.

Tydelike sluiting van skole

Die tydelike sluiting van 'n skool is 'n strategie om die moontlike verspreiding van die COVID-19 in alle gemeenskappe te help beperk. Leerders word dus ontmoedig om tydens sodanige sluiting plekke te besoek waar groot groepe mense byeenkom.

Laerskool Louis Leipoldt

Laerskool Louis Leipoldt
1948 - 2018

Die skool waar jy saakmaak

Indien u kind moontlik aan 'n bevestigde geval van COVID-19 blootgestel is, of u 'n vermoede het dat u kind moontlik die siekte mag hê, kan u die Provinsiale Gesondheidsorg se Department Oordraagbare Siektes in Gauteng kontak. Die besonderhede is:

Chika Asomugha (Chika.Asomugha@gauteng.gov.za) 082 330 1490

Caroline Kesebilwe (Caroline.kesebilwe@gauteng.gov.za) 083 490 8165

Indien u kind berading sou benodig as gevolg van trauma rakende die uitbreek van die COVID-19, kan u die skool se berader (Suzanne Piater) kontak vir 'n afspraak by 083 306 5518.

Die skool werk in noue kontak met die Departement van Onderwys en Departement van Gesondheid en sal u ingelig hou van enige verwikkelinge ten einde die veiligheid van ons leerders en die breër skoolgemeenskap te help verseker.

Baie dankie vir u samewerking

CM Jansen
Departementshoof opvoedkundige leiding

PH Ferreira
Hoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za